**For further information see attached pamphlet**
**Vir verdere inligting sien aangehegte pamflet**

**Read the label carefully before opening**

**Main Panel**

# PARAGONE 200 SL

Botswana: Reg. No. W130467, Act. No. 18 of 1999

A contact herbicide in solution form for the control of annual grasses and broadleaf weeds in the crops as listed and industrial areas. Inactivated on contact with the soil.

‘n Kontak onkruiddoder as ‘n oplossing vir die beheer van eenjarige gras- en breëblaaronkruide in gewasse soos aangedui en industriële areas. Onaktief na aanraking met grond.

**HERBICIDE GROUP CODE D / ONKRUIDDODERGROEPKODE D**

**Active ingredient / Aktiewe bestanddeel:**

Paraquat ion (bipyridyl).......................... 200 g/ ℓ........................... Parakwat ioon (bipiridiel)
Paraquat (as dichloride salt)…...............276 g/ ℓ..................... Parakwat (as dichloriedsout)

NET VOLUME ℓ NETTO VOLUME

NULANDIS®

**REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER**:

**Nulandis® (A division of AECI Limited) / Nulandis® (‘n Afdeling van AECI Beperk)**
Reg. No. / Nr. 1924/002590/06
P.O. Box / Posbus 14418
Witfield, 1467
Tel : (011) 823 8000
www.nulandis.com

IN CASE OF POISONING PLEASE PHONE / IN GEVAL VAN VERGIFTIGING SKAKEL 021 931-6129

**Batch No:** **Lotnommer:**
**Date of Manufacture:** **Vervaardigingsdatum:**

**UN Number: 3016 –** Bipyridilium pesticide,Liquid, Toxic



# PARAGONE 200 SL

Botswana: Reg. No. W130467, Act No. 18 of 1999

A contact herbicide in solution form for the control of annual grasses and broadleaf weeds in the crops as listed and industrial areas. Inactivated on contact with the soil.

**Herbicide Group Code D**

**ACTIVE INGREDIENT:**
Paraquat ion (bipyridyl) .................................................. 200 g/ℓ
Paraquat (as dichloride salt) …………………………… 276 g/ℓ

**REGISTRATION HOLDER :**

**Nulandis® (A division of AECI Limited)**
Reg. No. 1924/002590/06
P.O. Box 14418
Witfield, 1467
Tel : (011) 823 8000

**HARMFUL**

**WARNINGS:**
**Keep livestock out of treated area for 3 weeks.**
Handle with care. Prevent contact with the concentrate.
Toxic to fish and wildlife.
Irritating to skin and eyes.
**PARAGONE 200 SL** CAN BE FATAL IF SWALLOWED – DO NOT REPACK PRODUCT FROM THIS CONTAINER.
Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
Store under lock and key and keep away from food, seed and fertilizers.
Direct or spray drift contact by **Paragone 200 SL** onto leaves, stems and/or immature bark of desired plants can result in serious localised or translocated damage.
Re-entry: Do not enter treated area within 1 day after treatment unless wearing protective clothing.
In case of poisoning – CALL A DOCTOR AND MAKE THIS LABEL AVAILABLE TO HIM.
Aerial application - notify all inhabitants of the immediate area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate water or adjacent areas.

**ALTHOUGH THIS REMEDY HAS BEEN EXTENSIVELY TESTED UNDER A LARGE VARIETY OF CONDITIONS THE REGISTRATION HOLDER DOES NOT WARRANT THAT IT WILL BE EFFICACIOUS UNDER ALL CONDITIONS BECAUSE THE ACTION AND EFFECT THEREOF MAY BE AFFECTED BY FACTORS SUCH AS ABNORMAL CLIMATIC AND STORAGE CONDITIONS; QUALITY OF DILUTION WATER, COMPATIBILITY WITH OTHER SUBSTANCES NOT INDICATED ON THE LABEL AND THE OCCURRENCE OF RESISTANCE OF THE WEEDS AGAINST THE REMEDY CONCERNED AS WELL AS BY THE METHOD, TIME AND ACCURACY OF APPLICATION. THE REGISTRATION HOLDER FURTHERMORE DOES NOT ACCEPT RESPONSIBILITY TO CROPS, VEGETATION, THE ENVIRONMENT OR HARM TO MAN OR ANIMAL OR FOR LACK OF PERFORMANCE OF THE REMEDY CONCERNED DUE TO FAILURE OF THE USER TO FOLLOW THE LABEL INSTRUCTIONS OR TO THE OCCURRENCE OF CONDITIONS WHICH COULD NOT HAVE BEEN FORESEEN IN TERMS OF THE REGISTRATION. CONSULT THE SUPPLIER IN THE EVENT OF ANY UNCERTAINTY.**

**PRECAUTIONS:**
Do not inhale spray mist. Wear rubber gloves, boots and face shield when handling the concentrate. Wash with soap and cold water after use or skin contact.
Do not eat, drink or smoke whilst mixing or applying or before washing hands and face and changing clothes.
Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils. Prevent spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams and other areas not under treatment.
Clean applicator thoroughly with **FLUSHSOL** before re-using and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers and dams. Refer to the **FLUSHSOL** label for directions of use.
When empty, invert the container over the spray tank or mixing tank and allow it to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to at least one tenth of that of the container and add the rinsings to the contents of the spray tank. Destroy the container by puncturing and burying or burning it. Do not use the container for any other purpose.

**SYMPTOMS OF HUMAN POISONING:**
Emesis (vomiting), respiratory distress, tremor, general malaise, diarrhoea.

**FIRST AID TREATMENT:**
INHALED: Remove patient to fresh air. If not breathing, give artificial respiration. If breathing is difficult, give oxygen. Get medical attention immediately.
INGESTION: Induce vomiting by tickling the back part of the throat with a clean, blunt instrument (e.g. spoon handle) or your finger. Immediately transfer patient to the nearest hospital or medical centre. Inform them by telephone of the estimated arrival time so that treatment can start immediately and it is not delayed.
SKIN CONTACT: Immediately flush skin with plenty of water for at least 15 minutes while removing contaminated clothing and shoes. Cover the irritated skin with an emollient. Cold water may be used. Wash clothing before re-use. Thoroughly clean shoes before re-use. Get medical attention immediately.
EYE CONTACT: Check for and remove any contact lenses. In case of contact, immediately flush eyes with plenty of water for at least 15 minutes. Cold water may be used. Get medical attention immediately.

**NOTE TO PHYSICIAN:**
Administer up to one litre of a 15% water suspension of "Fullers Earth" in addition to a solution purgative (i.e. mannitol - 20% water solution). Continue treatment until presence of absorbent is noticed in stools. Blood transfusion may be necessary.

**<u>RESISTANCE WARNING</u>:**
For resistance management, **Paragone 200 SL** is a group code D herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **Paragone 200 SL** and other group code D herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. The resistant weeds may not be controlled by **Paragone 200 SL** or any other group D herbicides.
To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different herbicide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.
**Resistance against the following species have been reported: *Bidens* spp., *Plantago* spp. & *Lolium* spp.**

**<u>DIRECTIONS FOR USE</u>:** USE ONLY AS DIRECTED

The addition of either **BLADBUFF 7** (Reg. No. L8121) or **BLADBUFF 12** (Reg. No. L8201), to the spray water is recommended prior to mixing the **PARAGONE 200 SL,** to improve the water quality.

<u>AERIAL APPLICATION:</u>

Aerial application may only be done by a registered aerial application operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies). It is important to ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria are met:

<u>Equipment</u>:
Use suitable atomising equipment (hydraulic nozzles or rotary atomisers) that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product through drift.
The operator must use a setup that will produce a droplet spectrum with the lowest possible relative span.
All nozzles / atomisers should be positioned within the inner 60 to 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.

<u>Application parameters</u>:
A minimum volume of 35 - 40 ℓ spray mixture per hectare is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.
A droplet coverage of 30-40 droplets per $cm^2$ must be recovered at the target.
A droplet spectrum with a VMD of 350 - 400 microns is recommended. Ensure that the production of fine droplets (smaller than 150 microns) is restricted to a minimum.
The height of the spray boom should be maintained at 3-4 metres above the target. Do not spray when aircraft is in a climb, at the top or during a dive, or when banking.
Apply before the crop becomes too dense, thus preventing proper coverage of the weeds.

<u>Meteorological conditions</u>:
The difference between the wet and dry bulb readings as determined by a whirling hygrometer, must not exceed 8 °C.
Do not spray under turbulent, unstable conditions during the heat of the day when rising thermals and downdraughts occur.
Do not spray under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer).
Do not spray if the wind speed exceeds 15 km/h.

- Stop spraying under <u>turbulent</u>, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature <u>inversion conditions</u> (spraying in or above the inversion layer) and/or <u>high</u> <u>humidity</u> <u>conditions</u> (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
  - reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
  - damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.

<u>General</u>:
Ensure that fields are accurately marked and that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met.

<u>APPLICATION TABLE</u>:

| CROP | DOSAGE RATE | RECOMMENDATIONS |
|---|---|---|
| SUBTROPICAL FRUIT AND NUT ORCHARDS<br>(e.g. BANANAS, TEA, CITRUS, COFFEE, AVOCADOS, PAPAYAS, PECAN NUTS, MACADAMIAS, ETC | 1,25 ℓ - 5 ℓ/ha<br>in 200 ℓ- 750 ℓ water/ha | Apply when necessary using a low pressure flood jet type nozzle.<br>**Citrus only**: Can be applied with a suitable residual herbicide. |
| COTTON<br>Defoliation prior to harvest | **Aerial Application:**<br>0.7 ℓ (700 mℓ) per ha | Apply as a combination spray when plants are at maximum growth and 75 - 80% of balls are mature and hard.<br>Apply in at least 35 ℓ water/ha. A second treatment may be necessary to obtain complete defoliation on rank and dense growth. N.B: AVOID DRIFT ONTO NEIGHBOURING CROP AS GREEN PLANT TISSUE WILL BE AFFECTED. |
| DECIDUOUS FRUIT | 1,5 ℓ - 5 ℓ/ha<br>in 200 ℓ - 750 ℓ water/ha<br><br>1,5 ℓ -2,5 ℓ/ha + MCPA<br>5 ℓ/ha in 200 ℓ - 750 ℓ water/ha | **Stone Fruit only**: Apply when necessary - beginning in spring. Can be applied with **Simazine SC** (Reg. No. L4849, Act No. 36 of 1947), for increased residual efficacy.<br><br>For the control of Hounds tongue and *Convolvulus* spp. as well as annual winter grasses. |
| GRAPES | 1,5 ℓ - 5 ℓ/ha<br>in 200 ℓ - 750 ℓ water/ha<br><br>1,5 ℓ -2,5 ℓ/ha + MCPA<br>5 ℓ/ha in 200 ℓ - 750ℓ water/ha | Apply as an overall spray to weeds 10 – 15 cm high prior to bud. After bud apply as a directed spray.<br><br>For the control of Hounds tongue and *Convolvulus* spp. as well as annual winter grasses. Apply prior to bud. |
| INDUSTRIAL AREAS | 2,5 ℓ/ha<br>5 ℓ/ha | Young weeds.<br>Mature growing weeds.<br>Apply in 500 ℓ - 1000 ℓ water per ha depending on weed density. |
| LUCERNE<br>(More than 6 months old) | 2,5 ℓ - 5 ℓ/ha<br>in 300 ℓ water/ha | Apply prior to onset of dormancy or after cutting prior to re growth of the crop. |
| MAIZE<br>Weed control<br>Post emergence | 1,2 ℓ/ha<br>in 300 ℓ water/ha<br><br>1,2 ℓ/ha<br>in 300 ℓ water/ha<br>OR<br><br>1 ℓ/ha<br>+<br>2,5 ℓ - 3 ℓ/ha<br>Ametryn | **Pre emergence to crop**: For residual efficacy apply in combination with Dual Gold (Reg. No. L5749) or Gardomil Gold (Reg. No. L6246). For further information, see labels of relevant products.<br>**Post emergence to crop:**<br>Apply as a low pressure directed inter row treatment on weeds not higher than 10 cm using drop arms with flood jet nozzles.<br><br>Restricted for use in KwaZulu-Natal only.<br><br>NOTE: Maize plants must not be smaller than 30 cm. Do not apply to plants with low yield potential or under stress.<br>Do not spray under windy conditions or on uneven lands.<br>Scorch will occur on the bottom leaves. A reduction in yield may occur if more than two of the bottom leaves are affected. |

| | | |
|---|---|---|
| POTATOES<br>Haulm desiccation | 2,5 ℓ - 5 ℓ/ha<br>in 500 ℓ - 1 000 ℓ water/ha | Do not apply to haulms showing signs of wilting as possible tuber damage may occur. |
| Weed control<br>Early post emerge | 2,5 ℓ - 5 ℓ/ha<br>in 300 ℓ - 500 ℓ water/ha | Spray soil with a mixture of **PARAGONE 200 SL** at 1ℓ plus Alachlor at 5 ℓ/ha prior to 10% emergence of crop. |
| SUGARCANE<br>(Directed post emergence spray on plant & ratoon cane) | 1,5 ℓ - 3 ℓ/ha | Post emergence to crop. Dependent on weed size 1 200 mℓ/400 ℓ water spray mix will cover 0,5 – 1 ha. Apply as a directed spray to plant or ratoon cane. Temporary leaf damage may occur on leaves coming into contact with spray.<br>NOTE: For longer residual activity mix with MCPA (Potassium salt) at a dosage rate of 3,75 - 6,25 ℓ per ha and apply as an overall treatment. |
| VEGETABLES &<br>ROW CROPS | 1,25 ℓ - 2,5 ℓ/ha<br>in 200 ℓ - 500 ℓ water/ha | Apply as a directed inter-row spray to weeds up to 10 cm in height.<br>Ensure spray does not come into contact with crop. Use a sprayer fitted with a shield. |

**NULANDIS® (A DIVISION OF AECI LIMITED) ACKNOWLEDGES THE FOLLOWING:**

| **PRODUCT** | **TRADEMARKS OF** |
|---|---|
| GARDOMIL® GOLD | Syngenta South Africa (Pty) Ltd |
| DUAL® GOLD | Syngenta South Africa (Pty) Ltd |

**BLADBUFF 12®, BLADBUFF® 7** & **FLUSHSOL®** are the registered trademarks of AECI Limited (Nulandis® a division of AECI Ltd.)
**Simazine** is the registered tradename of Nulandis® (A division of AECI Ltd.)

# PARAGONE 200 SL

Botswana: Reg. Nr. W130467, Act. No. 18 of 1999

‘n Kontak onkruiddoder as ‘n oplossing vir die beheer van eenjarige gras- en breëblaaronkruide in gewasse soos aangedui en industriële areas. Onaktief na aanraking met grond.

**ONKRUIDDODERGROEPKODE D**

**AKTIEWE BESTANDDEEL:**

Parakwat ioon (bipiridiel) ...................................................... 200 g/ℓ

Parakwat (as dichloriedsout)…………………………….. .. 276 g/ℓ


**REGISTRASIEHOUER :**

**Nulandis® (‘n Afdeling van AECI Beperk)**

Reg. Nr. 1924/002590/06

Posbus 14418

Witfield, 1467

Tel : (011) 823 8000




**SKADELIK**

**WAARSKUWINGS:**

**Hou lewendehawe weg van behandelde gebied vir 3 weke**.

Hanteer versigtig. Vermy kontak met die konsentraat.

Giftig vir visse en wildlewe.

Irriterend vir vel en oë.

INDIEN INGESLUK KAN **PARAGONE 200 SL** NOODLOTTIG WEES - MOENIE VAN HIERDIE HOUER HER-VERPAK NIE.

Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Berg agter slot en grendel weg van voedsel, saad en kunsmis.

Direkte kontak met **PARAGONE 200 SL** of kontak deur sproeinewel op blare, stamme en/of onvolwasse bas op gewensde plante kan ernstige gelokaliseerde en getranslokeerde skade veroorsaak.

Herbetreding: Moenie behandelde gebied betree vir 1 dag na bespuiting nie, tensy beskermende oorklere gedra word. In geval van vergiftiging – ONTBIED ‘N GENEESHEER EN STEL HIERDIE ETIKET AAN HOM BESKIKBAAR.

Lugtoediening - stel alle persone in die onmiddellike omgewing van die gebied wat behandel gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie aangrensende gebiede of waterbronne bespuit of toelaat dat die sproeinewel daarheen oorwaai nie.

**ALHOEWEL HIERDIE MIDDEL OMVATTEND ONDER 'N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS, WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT DIT ONDER ALLE TOESTANDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEK DAARVAN BEÏNVLOED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE KLIMAATS- EN BERGINGSTOESTANDE; KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER, VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE ONKRUIDE TEEN DIE BETROKKE MIDDEL SOWEL AS DIE METODE, TYD EN AKKURAATHEID VAN TOEDIENING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING OF VIR NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER OF VIR 'N GEBREK AAN PRESTASIE AS GEVOLG VAN DIE VERSUIM VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM OF AS GEVOLG VAN DIE ONTSTAAN VAN TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE. RAADPLEEG VERSKAFFER IN DIE GEVAL VAN ENIGE ONSEKERHEID.**

**VOORSORGMAATREËLS:**

Vermy inaseming van sproeinewel. Dra rubberhandskoene, stewels en gesigskerm wanneer die konsentraat hanteer word. Was met seep en koue water na gebruik of velkontak.

Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie. Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

Verhoed die wegdrywing van sproeinewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme of ander gebiede wat nie behandel word nie.

Maak toedieningsapparaat skoon met **FLUSHSOL** voor her-gebruik en doen weg met waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere en damme sal besoedel nie. Verwys na die **FLUSHSOL** etiket vir gebruiksaanwysings.

Sodra die houer leeg is keer dit om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met ‘n volume water gelyk aan minstens ‘n tiende van die houer en gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk.

Vernietig die houer deur gate daarin te maak en te begrawe of te verbrand. Moenie die houer vir enige ander doel gebruik nie.

**SIMPTOME VAN VERGIFTIGING:**
Braking, buikloop, beklemde bors, spiertrekkings, mislikheid.

**NOODHULPBEHANDELING:**

INASEMING: Verwyder die pasiënt na vars lug. Indien die pasiënt ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe. Indien asemhaling bemoeilik word, gee suurstof. Verkry mediese hulp onmiddellik.
INGESLUK: Veroorsaak braking deur die agterste gedeelte van die keel te prikkel met 'n stomp voorwerp (bv. die agterste gedeelte van 'n lepel) of u vinger. Vervoer die pasiënt onmiddellik na die naaste hospitaal of mediese sentrum. Stel die hospitaal of mediese sentrum telefonies in kennis van die tyd wat die pasiënt sal arriveer, om te verseker dat behandeling sonder enige vertraging, onmiddellik kan begin.
VELKONTAK: Spoel die vel onmiddellik af met water vir minstens 15 minute terwyl besoedelde klere en skoene verwyder word. Bedek die vel met water en 'n sagte room. Koue water mag gebruik word. Was klere voor her-gebruik. Maak skoene deeglik skoon voor her-gebruik. Verkry onmiddellik mediese hulp.
OOGKONTAK: Gaan na en verseker dat kontaklense verwyder word. In geval van kontak, spoel oë onmiddellik met genoegsame water vir minstens 15 minute. Koue water mag gebruik word. Verkry mediese behandeling onmiddellik.

**NOTA AAN GENEESHEER:** Dien onmiddellik tot soveel as een liter van 'n 15% water suspensie van "Fuller Earth" toe plus 'n geskikte purgeermiddel (bv. Mannitol - 20% water oplossing). Hou aan met purgering totdat ontlasting tekens toon van die absorbeerder. Bloeddialiese of bloedperfusie mag nodig wees.

**WEERSTANDSBESTUUR**:
**Paragone 200 SL** is 'n groepkode D onkruiddoder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid spesie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Paragone 200 SL** of enige ander groepkode D onkruiddoders het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal waarskynlik nie deur **Paragone 200 SL** of enige ander groepkode D onkruiddoders beheer word nie.

Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruiddoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruiddodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

**Weerstand teen die volgende spesies is al gerapporteer: *Bidens* spp., *Plantago* spp. *&* *Lolium* spp.**

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

Die byvoeging van **BLADBUFF 7** (Reg. Nr. L8121) of **BLADBUFF 12** (Reg. Nr. L8201) om die spuitwater se gehalte te verseker vóór vermenging met **PARAGONE 200 SL,** word aanbeveel.

LUGTOEDIENING:

Lugtoediening mag slegs deur ‘n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met ‘n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot ‘n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende kriteria te voldoen:

Toerusting:

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat (hidroliese of roterende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die operateur moet ‘n stelsel gebruik wat ‘n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Al die spuitneuse/atomiseerders moet in die binneste 60 tot 75 % van die vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels in die vlerkvorteks in te verhoed.

Toedieningsparameters:

‘n Minimum volume van 35 - 40 ℓ spuitmengsel per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen ‘n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effek indien hierdie produk teen ‘n laer volume as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.

‘n Druppelbedekking van 30-40 druppels per $cm^2$ moet op die teikenarea herwin word.

‘n Druppelspektrum met ‘n VMD van 350 - 400 mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels (kleiner as 150 mikron) tot ‘n minimum beperk word.

Die hoogte van die spuitbalk moet op 3-4 meter bo die teiken gehandhaaf word. Moenie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt is van, of tydens ‘n duik, of terwyl dit uitklim of draai nie.

Dien toe voordat die gewas te ruig word wat sal verhoed dat onkruide behoorlik bedek word.

Meteorologiese toestande :

Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met ‘n swaaihigrometer bepaal, moet nie 8°C oorskry nie.

Moenie toedien tydens turbulente, onstabiele toestande gedurende die hitte van die dag wanneer styg en dalende konveksie windbeweging plaasvind nie.

Moenie toedien onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversielaag te spuit) nie.

Moenie spuit indien die windspoed 15 km/uur oorskry nie.

- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die
- dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit)
- en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme
- aanleiding gee:

    a) verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as ‘n wolk in die lug bly hang (onvoldoende bedekking op teiken).

    b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.

Algemeen :

Sorg dat die lande akkuraat gemerk is en die spuitoperateur presies weet watter lande gespuit moet word.

Verkry ‘n versekering van die spuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word.

TOEDIENINGSTABEL:

| GEWAS | DOSIS | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| WINGERDE | 1,5 ℓ - 5 ℓ/ha<br>in 200 ℓ - 750 ℓ water/ha<br><br>1,5 ℓ -2,5 ℓ/ha + MCPA<br>5 ℓ/ha in 200 ℓ - 750 ℓ water/ha | Dien toe as ‘n algemene bespuiting op onkruide wat 10 – 15 cm hoog is alvorens die groenpuntstadium. Dien as ‘n gerigte bespuiting toe na bot.<br><br>Vir die beheer van Tongblaar en *Convolvulus* spp. sowel as eenjarige wintergrasse. Dien toe vóór die groenpuntstadium. |
| SAGTE VRUGTEBOORDE | 1,5 ℓ - 5 ℓ/ha<br>in 200 ℓ - 750 ℓ water/ha<br><br>1,5 ℓ -2,5 ℓ/ha + MCPA<br>5 ℓ/ha in 200 ℓ - 750 ℓ water/ha | **Slegs Kernvrugte**: Dien toe soos benodig vanaf lente. Kan met **Simazine SC** (Reg. Nr. L4849, Wet Nr. 36 van 1947) toegedien word vir verhoogde nawerking.<br><br>Vir die beheer van Tongblaar en *Convolvulus* spp. sowel as eenjarige wintergrasse. |
| SUBTROPIESE VRUGTE- EN NEUTBOORDE (bv. SITRUS, AVOKADO’S, PEKANNEUTE, PAPAJAS, MAKADAMIAS, PIESANGS, TEE, KOFFIE ens.) | 1,25 ℓ - 5 ℓ/ha<br>in 200 ℓ - 750 ℓ water/ha | Dien toe soos benodig deur gebruik te maak van laedruk vloedstraal spuitstukke.<br><br>Slegs Sitrus : Kan met ‘n geskikte nawerkende onkruiddoder gespuit word. |
| AARTAPPELS<br>Halmvernietiging | 2,5 ℓ - 5 ℓ/ha<br>in 500 ℓ - 1 000 ℓ water/ha | Moenie toedien as die halms tekens van verwelking toon nie aangesien moontlike knolbeskadiging veroorsaak kan word. |
| Onkruidbeheer<br>Na-opkom | 2,5 ℓ - 5 ℓ/ha<br>in 300 ℓ - 500 ℓ water/ha | Bespuit lande met ‘n mengsel van **PARAGONE 200 SL** teen 1 ℓ plus Alachlor teen 5 ℓ/ha voordat die gewas 10 % verskyning gemaak het. |
| LUSERN<br>(Ouer as 6 maande) | 2,5 ℓ - 5 ℓ/ha<br>in 300 ℓ water/ha | Dien toe vóór die rusperiode verby is óf na oes voor die hergroei van die lusern plaasvind. |
| INDUSTRIëLE GEBIEDE | 2,5 ℓ/ha<br>5 ℓ/ha | Jong onkruide.<br>Volwasse onkruide.<br>Dien toe in 500 ℓ - 1000 ℓ water per ha afhangende van die onkruid digtheid. |
| SUIKERRIET<br>(Gerigte na-opkom bespuiting in plant- en oorstaanriet) | 1,5 ℓ - 3 ℓ/ha | Na opkom van die gewas: Afhangende van die grootte van die onkruid sal 1 200 mℓ/400 ℓ watermengsel 0,5 - 1 ha bedek. Dien toe as ‘n gerigte bespuiting op plant- en oorstaanriet. As die spuitmiddel in kontak met die groen suikerriet kom, sal verskroeiing plaasvind maar dit is slegs tydelike van aard. NOTA: Vir langer onkruidbeheer kan MCPA (kaliumsout) teen ‘n hoeveelheid van 3,75 - 6,25 ℓ per ha vir algehele behandeling bygevoeg word. |
| GROENTE IN RYE GEKWEEK EN ANDER RY GEWASSE | 1,25 ℓ - 2,5 ℓ/ha<br>in 200 ℓ - 500 ℓ water/ha | Vir alle rygewasse - dien ‘n gerigte tussenry bespuiting toe waar onkruide reeds ontkiem het, maar nie groter as 10 cm is nie. Moenie die gewas raakspuit nie. Gebruik ‘n rugsakspuit wat met ’n skerm toegerus is. |
| KATOEN<br>Vir die ontblaring van plante voor oes | **Lugtoediening:**<br>0.7 ℓ (700 mℓ) per ha | Dien toe as ‘n kombinasie bespuiting sodra plante maksimum groei bereik het en 75 – 80% van die bolle alreeds volgroeid en hard is.<br><br>Dien toe in minstens 35 ℓ water per hektaar. ‘n Tweede toediening mag nodig wees vir voldoende ontblaring op welige en digte katoen. NB: VERMY OORWAAI NA AANGRENSENDE GEWASSE AANGESIEN GROEN PLANTWEEFSEL DEUR DIE BESPUITING BESKADIG SAL WORD. |
| MIELIES<br>Onkruidbeheer<br>Na-opkom | 1,2 ℓ/ha<br>in 300 ℓ water/ha<br><br>1,2 ℓ/ha<br>in 300 ℓ water/ha<br>OF<br><br>1 ℓ/ha<br>+<br>2,5 ℓ - 3 ℓ/ha<br>Ametrien | **Dien toe vóór opkom van die gewas.** Vir langer nawerkende onkruidbeheer dien toe in kombinasie met Dual Gold (Reg. Nr. L5749) of Gardomil Gold (Reg. Nr. L6246). Vir verdere besonderhede sien etikette van betrokke produkte.<br>**Na opkom van die gewas**. Tussenry behandeling. Dien toe as ‘n laedruk tussenry bespuiting op onkruide nie hoër as 10 cm nie. Gebruik vloedspuitpunte met valarms.<br><br>Gebruik word beperk tot KwaZulu Natal.<br><br>Nota: Mielieplante moenie kleiner as 30 cm wees nie. Moenie toedien op plante met ‘n lae opbrengs potensiaal of onder stremming nie. Moenie in winderige toestande óf op ‘n onegalige oppervlakte spuit nie.<br>Blaarbrand sal op die onderste blare van die mielieplant voorkom. Indien meer as die onderste twee blare raakgespuit word, mag dit tot ‘n oesverlies lei. |

**NULANDIS ( ’N AFDELING VAN AECI BEPERK) ERKEN DIE VOLGENDE:**

| **PRODUK:** | **HANDELSMERK VAN:** |
|---|---|
| **Gardomil®** Gold | Syngenta Suid-Afrika (Edms) Bpk |
| **Dual®** Gold | Syngenta Suid-Afrika (Edms) Bpk |

**BLADBUFF 12®** , **BLADBUFF® 7** & **FLUSHSOL®** is die geregistreerde handelsmerke van AECI Beperk (Nulandis® ‘n afdeling van AECI Beperk)
**Simazine** is die registreerde handelsnaam van Nulandis® (‘n Afdeling van AECI Beperk)